



Geouditeerde resultate

vir die jaar geëindig 31 Desember 2006



Wins na belasting op met R244 miljoen Verdienste per aandeel op met R258 sent Netto batewaarde op met 36,5% Kontant uit bedryghede gegeneer R292 miljoen

Verkorte gekonsolideerde balansstaat

R'000	Op 31 Desember 2006	Heraangegee Op 31 Desember 2005
BATES		
Niebedryfsbates	368 315	295 765
Eiendom, aanleg en toerusting	318 140	229 755
Ontasbare bates	7 074	7 639
Beleggings en langtermyn ontvangbare rekenings	20 637	50 885
Uitgestelde belasting	22 464	7 486
Bedryfsbates	1 673 937	1 345 842
Voorraad	1 219 834	928 838
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	378 983	361 812
Korttermyn gedeelte van langtermyn ontvangbare rekeninge	15 271	12 128
Vooruitbetalings	10 486	7 732
Belasting	1 623	2 194
Kontantmidele	47 740	33 138
Totale bates	2 042 252	1 641 607
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes	954 912	699 259
Verklaarde kapitaal (Aantekening 5)	226 185	225 946
Nie-uitkeerbare reserwes	55 490	36 921
Behoue verdienste	673 237	436 392
Niebedryfslaste	158 371	89 401
Rentendraende laste	2 319	4 754
Terugkoopverpligtinge en uitgestelde brikuurinkomste	133 253	69 176
Uitgestelde waarborginkomste	11 724	6 576
Langtermynvoorsienings en brikuurstyging	11 075	8 895
Bedryfslaste	928 969	852 947
Handels- en ander betaalbare rekeninge	557 330	390 340
Korttermyn gedeelte van rentendraende laste	2 467	2 731
Korttermyn gedeelte van terugkoopverpligtinge en uitgestelde brikuurinkomste	17 021	8 639
Korttermyn gedeelte van uitgestelde waarborginkomste	5 291	–
Korttermyn gedeelte van voorsienings en brikuurstyging	70 748	65 967
Belasting	88 741	–
Korttermyn rentendraende skuld	187 371	385 270
Totale ekwiteit en laste	2 042 252	1 641 607
Gestel uitgerekte aandele ('000)	94 817	94 763
Netto batewaarde per aandeel (sent)	1 007	738

Verkorte gekonsolideerde inkomstestaat

R'000	Vir jaar geëindig	
	31 Desember 2006	31 Desember 2005
Inkomste	3 533 177	3 209 233
Koste van verkope	2 739 263	2 701 658
Bruto wins	793 914	507 575
Ander bedryfsinkomste	102 604	92 615
Verspreidingskoste	(415 194)	(441 523)
Administrasie-uitgawes	(60 307)	(62 615)
Ander bedryfuitgawes	(45 963)	(48 773)
Wins uit bedryfsaktiwiteite	375 054	47 279
Netto finansieringskoste (Aantekening 2)	28 017	43 459
Wins voor belasting (Aantekening 3)	347 037	3 820
Belasting	110 880	12 017
Wins (verlies) vir die jaar	236 157	(8 197)
Verdienste (verlies) per aandeel (basies) (sent) (Aantekening 4)	249	(9)
Verdienste (verlies) per aandeel (verwater) (sent) (Aantekening 4)	249	(9)
Voorgestelde dividend per aandeel (sent)	25	–

Verkorte kontantvloeiastaat

R'000	Vir jaar geëindig	
	31 Desember 2006	Heraangegee 31 Desember 2005
Kontantbedryfswins voor bedryfskapitaalveranderings	436 268	94 103
Kontant in bedryfskapitaal geïnvesteer	(143 931)	(23 146)
Kontant uit bedryghede gegeneer	292 337	70 957
Netto finansieringskoste betaal	(28 017)	(43 459)
Belasting (betaal) terugbetaal	(36 269)	501
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite gegeneer	228 051	27 999
Netto kontantvloeï in beleggingsaktiwiteite aangewend	(100 904)	(41 085)
Netto kontantvloeï uit finansieringsaktiwiteite	85 354	33 422
Netto kontantvloeï	212 501	20 336

Staat van veranderinge in ekwiteit

vir die jaar geëindig 31 Desember 2006

R'000	Verklaarde kapitaal	Behoue verdienste (opgehoopte verlies)		Totaal
		Nie-uitkeerbare reserwes		
Saldo op 31 Desember 2004	224 414	33 147	443 901	701 462
Aandeleopsies uitgeoefen	1 532	–	–	1 532
Uitwerking van verandering in belastingkoers op surplus met herwaardasie van geboue	–	265	–	265
Realisasie van herwaardasiereserwe met waardevermindering van geboue	–	(688)	688	–
Valutaverskille met omrekening van buitelandse bedryghede	–	2 666	–	2 666
Wisselkoersverskil op buitelandse reserwes	–	1 531	–	1 531
Netto verlies vir die jaar	–	–	(8 197)	(8 197)
Saldo op 31 Desember 2005	225 946	36 921	436 392	699 259
Aandeleopsies uitgeoefen	239	–	–	239
Realisasie van herwaardasiereserwe met waardevermindering van geboue	–	(688)	688	–
Valutaverskille met omrekening van buitelandse bedryghede	–	18 577	–	18 577
Wisselkoersverskil op buitelandse reserwes	–	680	–	680
Netto wins vir die jaar	–	–	236 157	236 157
Saldo op 31 Desember 2006	226 185	55 490	673 237	954 912

Verkorte aantekeninge by geouditeerde resultate

1. REKENINGKUNDIGE BALEID
Die finansiële state waaruit hierdie resultate opgesom is, is ooreenkomstig International Financial Reporting Standards (IFRS) opgestel en stem ooreen met dié wat op die vorige jaar toegepas is, met die uitsondering van die aanname van al die nuwe en hersiene Standaard- en Vertolkings wat deur die International Accounting Standards Board (die IASB) en die International Financial Reporting Interpretations Committee (die IFRIC) van die IASB uitgereik is wat op die groep se bedryghede betrekking het en effektief is vir finansiële rekenpligtige tydperke wat op 1 Januarie 2006 begin. Die finansiële state is op die historiesekoste-grondslag opgestel, met die uitsondering van die herwaardasie van sekere eiendomme en finansiële instrumente, en aanpassings, waar van toepassing, ten opsigte van hiperinflasionêre verantwoordings. Hierdie verkorte verslag voldoen aan Interim Financial Reporting (IAS 34).

R'000	Vir jaar geëindig	
	31 Desember 2006	Heraangegee 31 Desember 2005
2. NETTO FINANSIERINGSKOSTE		
Netto rente betaal	21 127	22 404
Netto wisselkoersverliese	6 890	21 055
Netto finansieringskoste	28 017	43 459

3. WINS VOOR BELASTING
Wins voor belasting word verkry na inagneming van:
Inkomste
Invoerbelastingkortings **30 940** 42 116
Tantième **30 419** 1 133
Uitgawe
Ouditversvergoeding – oudit- en ander dienste **4 377** 10 811
Amortisasie van ontasbare bates **249** 551
Waardevermindering van eiendom, masjinerie en toerusting **39 910** 31 015
Toename in waarborgvoorsiening **4 831** 16 212
Verlies (surplus) met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting **3 450** (2 372)
Bedryfsbrikuurkoste
– toerusting en motorvoertuie **20 047** 16 320
– eiendomme **18 007** 15 946
Navorsing- en ontwikkelingskoste (uitgesluit personeelkoste) **17 123** 10 072
Personeelkoste **515 417** 408 987

4. VERDIENSTE (VERLIES) PER AANDEEL
Die berekening van verdienste (verlies) per aandeel word gegrond op wins (verlies) na belasting en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele gedurende die jaar. Die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele vir die jaar onder oorsig was 94 770 619 (Desember 2005: 94 566 938).

Op 'n verwaterde grondslag is die ten volle omgeskepte geweegde gemiddelde getal aandele 94 836 123 (Desember 2005: 94 633 599).

Wesensverdienste (-verlies) per aandeel word soos volg verkry:		
Wins (verlies) vir die jaar	236 157	(8 197)
Verlies (surplus) met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	2 450	(2 372)
Wesensverdienste (-verlies)	238 607	(10 569)
Wesensverdienste (-verlies) per aandeel	252	(11)

5. VERKLAARDE KAPITAAL Gemagtig
100 000 000 (Desember 2005: 100 000 000) gewone aandele sonder parivaarde – –

Uitgereik
94 816 900 (Desember 2005: 94 763 400) gewone aandele sonder parivaarde **226 185** 225 946

6. KAPITAALBESTEDINGSVERBINTENISSE
Gekontrakteer **5 531** 475
Gemagtig maar nie gekontrakteer nie **95 309** 44 591
Totale kapitaalbestedingsverbintenisse **100 840** 45 066

7. VERKORTE SEGMENTELE ONTLEDING
Geografiese segmente
Die groep is in twee hoof geografiese gebiede bedrywig:

R'000	Inkomste	Bedryfs-wins	Bates	Laste
Desember 2006				
Suid-Afrika	1 720 506	295 573	1 458 397	758 821
Res van wêreld	1 812 671	79 481	583 855	328 519
Totaal	3 533 177	375 054	2 042 252	1 087 340
Desember 2005				
Suid-Afrika	1 372 508	55 271	1 193 701	712 307
Res van wêreld	1 836 725	(7 992)	447 906	230 041
Totaal	3 209 233	47 279	1 641 607	942 348

8. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKEHEDE
8.1 Die terugkoop van eenhede wat aan kliente en finansiële instellings verkoop is, is deur die groep gewaarborg vir 'n bedrag van **41 305** 134 900
In geval van terugkoop word geraam dat dié eenhede tans die teenoorstaande bedrag sal realiseer **49 262** 151 078
Min: Voorsiening vir reswaarderisiko (7 957) (16 178) (1 991) (4 477)
Netto voorwaardelike aanspreeklikheid – –

Die voorsiening vir reswaarderisiko is gegrond op die raming van die waarskynlikheid van teruggawe van die eenhede.

8.2 Die groep was kliente behulpsaam met die finansiering van toerusting wat deur middel van 'n finansieringsonderneming met Wesbank, 'n afdeling van FirstRand Bank Beperk, gekoop is. Ten opsigte van 'n sekere kategorie van dié finansiering wat verskaf is, en in geval van wanbetaling deur kliente, is die groep blootgestel aan risiko vir die volle saldo wat kliente aan Wesbank verskuldig is. By die jaareinde was die bedrag wat kliente ten opsigte van dié transaksies aan Wesbank verskuldig was in totaal **61 275** 90 758
In geval van wanbetaling sal die gefinansierde eenhede verhaal word en daar word geraam dat dit tans die teenoorstaande bedrag sal realiseer **(60 482)** (76 957)
793 13 801
(14 700) (9 795)
Netto voorwaardelike aanspreeklikheid – 4 006

Min: Voorsiening vir nieverhaling
Netto voorwaardelike aanspreeklikheid – 4 006
In die mate dat kliente agterstallige bedrae aan Wesbank verskuldig is én daar ook 'n tekort is tussen die geraamde realisasiewaardes van eenhede en die saldo wat kliente aan Wesbank verskuldig is, word 'n voorsiening vir die volle tekort gemaak.

8.3 Die reswaardes van sekere toerusting wat aan finansiële instellings verkoop is, is deur die groep gewaarborg. In geval van 'n reswaarde-tekort sal die groep blootgestel wees aan 'n bedrag van **13 943** 8 496
Min: Voorsiening vir oorblywendewaarde-risiko (3 002) (3 650)
Netto voorwaardelike aanspreeklikheid **10 941** 4 846
Die voorsiening vir oorblywendewaarde-risiko is gegrond op die raming van die waarskynlikheid van teruggawe van die eenhede.

8.4 Sekere handels- ontvangbare rekenings is by finansiële instellings gediskonteer vir 'n bedrag van **6 266** 5 943
Hierdie transaksies is met verhaling teen die groep. In geval van wanbetaling kan sekere eenhede teruggekry word en daar word geraam dat dié eenhede tans die teenoorstaande bedrag sal realiseer **6 266** 5 943

Verkorte aantekeninge by geouditeerde resultate vervolg

	2006		2005	
	Geweegde gemiddelde	Jaar-einde gemiddelde	Geweegde gemiddelde	Jaar-einde
9. WISSELKOERSE				
Die volgende belangrike wisselkoerse is gebruik:				
Euro: Verenigde State-\$	1,26	1,32	1,24	1,18
SA-Rand: Verenigde State-\$	6,80	6,98	6,36	6,33
Britse £: Verenigde State-\$	1,85	1,97	1,81	1,72

10. FINANSIËLE JAARSTATE
Die finansiële jaarstate van die Groep is deur die maatskappy se ouditeure, Deloitte & Touche, geouditeer. Hulle ongekwalifiseerde verslag is by die geregistreerde kantoor van die maatskappy ter insae beskikbaar.

Kommentaar

Ek doen met genoeg verslag dat, vir die jaar onder oorsig, die Groep die hoogste voor- en nabelastingwins in sy geskiedenis van 54 jaar opgeteken het en netto wins na belasting van R236,2 miljoen vir die jaar vir aandeelhouders verdien het. Alle filiale en afdelings oor die hele wêreld was feitlik sonder uitsondering winsgewend en ons buitelandse bedryghede het rekord-nabelastingwins van R78,9 miljoen opgelewer. Hoewel inkomste met slegs 10,09% tot R3,533 miljard toegeneem het, was ons bruto wins R286,3 miljoen hoër, 'n toename van 56,41% as gevolg van laer vervaardigingskoste, 'n swakker rand/euro-wisselkoers en, mees belangrik, deur verbeterde pryse realisasie as gevolg van die herberdinging van ons voorheen onwingsgewende Noord-Amerikaanse verskaffingskontrak. Winsgewendheid is ook verhoog deur die plaaslike vervaardiging van die side shift Tractor Loader Backhoe en die uitgebreide Front End Loader reeks, in Suid-Afrika, deur samewerking met ons vennoot John Deere.

Die wêreldwye styging in kommoditeitspryse, veral in die mynbedryf, en verhoogde kapital investering het gehelp om die vraag na ons reeks toerusting en, gevolglik, bruto winsmarges te verhoog. Die toename in die omsat van onderdele en stelle met R185,88 miljoen (33,52%) het 'n belangrike rol in die verhoging van ons bruto wins gespeel en is 'n fokusgebied vir toekomstige groei wat klientdiens sowel as inkomste en bruto wins betref. Uitvoere was R24,1 miljoen laer maar verteenwoordig steeds 51,3% van ons totale inkomste.

Bedryfswins vir die jaar het met R327,78 miljoen tot R375,05 miljoen toegeneem. Dit het voortgespruit uit verhoogde bruto wins en ander bedryfsinkomste, wat met 10,79% gegroei het, hoofsaaklik as gevolg van verhoogde tantième-inkomste uit ons alliansievenoot en aandeelhouer John Deere, wat sy produksie van ADTS gedurende die jaar onder oorsig aansienlik verhoog het.

Bokoste is weer eens goed beperk en die totale afname was R31,45 miljoen of 5,69%, wat sterk getuig van ons voortgesette kostebeperkingsaksie wat deur middel van ons Projek 100 Plus-program gedryf word. Oor die afgelope paar jaar het ons 'n relatiewe hoë vlak van waarborgseis ondervind, wat 3,46% van totale verkope in 2005 was. Ek doen met genoeg verslag dat waarborgse tot 2,30% van totale verkope in 2006 gedaal het as gevolg van die omvattende oplossings en verhoogde gehalte in ons ontwerp- en vervaardigingsproses.

Netto finansieringskoste het met R15,44 miljoen gedaal as gevolg van laer lenings en verbeterde tesouriebestuur. Ons effektiewe belastingkoers van 31,95% bly hoog, maar daar word verwag dat dit as gevolg van die nuwe wysigings aan die Inkomstebelastingwet sal daal.

Ons Suid-Afrikaanse verspreidingsbedryghede het weer uitstekende resultate behaal en ek bring veral hulde aan ons bedryghede in Zambië, die Demokratiese Republiek van Kongo en Zimbabwe, wie se resultate hulpe begrotings in uitdagende omstandighede ruim oorskry het. As gevolg van die ongeëwenaarde vraag na minerale en kommoditeite wat deur die wêreld ondervind word, verwag ons dat besigheid in dié lande in die volgende paar jaar besonder sterk sal wees. Ons direkte bestuurder en besprek verdere verbondenheid tot dié streek, wat tot investering van meer as USD15 miljoen gedurende die volgende twaalf maande kan lei.

Al ons Europese bedryghede was winsgewend gedurende die jaar en ons was in staat om ons markaandeel met effens verbeterde marges te handhaaf. Ons sakeonderneming in Suid-Amerika, hoewel betreklik klein, het beter gepresteer as vorige jare en ons was die eerste keer in baie jare in staat om meer as 'n honderd eenhede aan daardie vasteland te verskaf.

Die skuld/ekwiteit-verhouding staan op 15%, ten spyte van 'n toename in voorraad wat sowel waarde as dae betref. Voorraadbestuur bly 'n uitdagende gebied waarop die bestuur sterk fokus. Handelsklus(bedryfskapitaal)-dae het van 113 tot 128 dae verslag as 'n direkte gevolg van verhoogde voorraadvlakke van R291,0 miljoen. Kapitaalbesteding, behalwe dié aan huurbates gedurende 2006, het R31,96 miljoen bedra maar sal volgens begroting meer as R100 miljoen in 2007 wees as gevolg van beperkte besteding oor die afgelope twee jaar weens winsgewendheids- en kontantvloei-beperkings. Wesensverdienste staan op 252 sent per aandeel vergeleke met die verlies van 11 sent per aandeel in 2005 en die allerbelangrike netto batewaarde per aandeel het met R2,69 sedert die begin van die jaar tot R10,07 per aandeel toegeneem. Bell was in staat om 'n positiewe kontantvloei van R212,50 miljoen in die jaar onder oorsig te genereer.

As gevolg van die Groep se terugkeer tot winsgewendheid en positiewe kontantvloei is dit nou moontlik om 'n dividend te betaal en die direkteur het 'n dividend van 25 sent per aandeel ten opsigte van die jaar geëindig 31 Desember 2006 verklaar, wat in April vanjaar betaal sal word. Aandeelhouders sal besef dat, in die lig van die laer winsgewendheid oor die afgelope twee jaar en kontant wat vereis word om kapitaalbesteding te finansier, die dividend konserwatief moet wees en gevolglik word dit tien keer gedek. Ons sal die dividenddekking in die toekoms hoopelik kan verlaag, afhankende van die Groep se kontantvereistes ten tyde van dividendverklarings.

Die huidige vooruitsig vir Bell is goed en as wisselkoerse verder verswak en kommoditeitspryse stabiel bly, is ons in 'n goeie posisie om ons winsgewendheid te verhoog. Ons moet ons pogings ten opsigte van volhoubare koste- en bedryfskapitaalverlagings bepoedig en voortset. Ons Projek 100 Plus-program sal voortgaan om sowel bokoste as komponentkoste in 2007 te verlaag.

HJ Buttery

Groepvoorsitter

20 Maart 2007

Dividendverklaring

Kennis geskied hiermee dat 'n einddividend van 25 sent per aandeel (2005: nil) op 22 Maart 2007 verklaar is en betaalbaar is aan aandeelhouders wat by kantoorsluiting op onderstaande rekorddatum in die register van die maatskappy opgeteken is. Die belangrike datums met betrekking tot die einddividend is die volgende:

Laaste dag vir verhandeling "met" einddividend	Vrydag, 13 April 2007
Eerste dag vir verhandeling "sonder" einddividend	Maandag, 16 April 2007
Rekorddatum	Vrydag, 20 April 2007
Betaaldatum	Maandag, 23 April 2007

Geen aandele sertifikate mag van Maandag, 16 April, tot en met Vrydag, 20 April 2007, nie gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

Op die betaaldatum sal dividendtjeks geopen en elektroniese betalings, waar van toepassing, aan aandeelhouders met sertifikate gedoen word. Aandeelhouders met gedematerialiseerde aandele se rekening by die Sentraalsekuriteitebewaarplek-deelnemer of makelaar sal op die betaaldatum gekrediteer word.

Op las van die direkteur

DP Mahony
Maatskappysekretaris

22 Maart 2007